

Wichita

Wichita II (groen)

Wichita is sekerlik die mees produktiewe kultivar wat reeds as volwasse boom in Suid-Afrikaanse boorde gevestig is. Die boom kom baie vroeg in produksie en die uitdoppersentasie is baie hoog. Weens sy effens gebuigde neutvorm en die feit dat die kern so styf in die dop sit, is Wichita moeilik om meganies te dop. Swak mikke en sinktekort is van sy beperkende eienskappe.

Bestuiwing

Wichita bestuif vir Western, Navaho, Choctaw en Ukulinga. Wichita sal bestuif word deur, Western Navaho, Pawnee en Ukulinga. Dit is baie belangrik om ten minste twee of drie bestuiwers saam met Wichita te plant om te verseker dat daar voldoende bestuiwing plaasvind. Die bestuiwingspatroon van Wichita verskil van jaar tot jaar en van gebied tot gebied. Die bestuiwingspatroon kan ook in dieselfde gebied verskil tussen koue en warmer persele.

Voordele

- +2.5 ton kultivar, baie hoë opbrengs
- Kom vroeg in produksie (5-6 jaar)
- Baie hoë uitdoppersentasie (61%)
- Relatief goeie koue verdraagsaamheid
- Het hom reeds in Suid-Afrika bewys
- Gee baie goeie stuifmeel vir bestuiwing van ander kultivars

Nadele

- Swak mikke (kan met 'n sentrale leier-snoei verbeter word)
- Sinktekort
- Moeilik om te dop
- Die neutkern is geneig om te verdonker na uitdop
- Baie swak weerstand teen skurfsiekte wat aanplantings tot die droër binneland en westelike streke beperk

Wichita is baie populêr as 'n indop uitvoerkultivar na China en baie goeie pryse word deurlopend behaal. Neutgrootte is aanvaarbaar vir die Chinese indop mark. Daar is normaalweg nie 'n probleem as daar Western en Navaho neutte in 'n besending saam met Wichita gelewer word nie. Pawnee is ook van 'n baie hoë gehalte en is nie 'n probleem in die mengsel nie. Uitvoerders ondervind egter al meer weerstand teen besendings waar Ukulinga of Sutex met die Wichita gemeng is.

Nuwe aanplantings

Vir nuwe aanplantings beveel ons aan dat Wichita as hoofkultivar geplant word saam met 10% Navaho en 10% Western. Pawnee kan ook bygesit word om bestuiwing verder te verbeter.

Opgestel deur Heiko Meier.